Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Nederigheid

In jou omgang met mense loop jy jou altyd vas in mense met status, 'n posisie, en dan ook met eenvoudige mense wat niks het om op te roem nie.

Natuurlik is daar ook die mense waarvan die ego groter as hy-/syself is. En dan is daar ook die nederiges. Maar moenie fout maak nie, daar is nederiges en nederiges. Daar is daardie nederiges wat baie bewus van hulle nederigheid is – hul hoogmoedigheid is eintlik hul nederigheid.

Die woord of begrip nederigheid is tog interessant. Die wortels van hierdie woord lê in oud Frans wat dit weer van Latyn ge-erf het: "humilis" wat laag beteken of "humus" wat grond beteken.

Nederigheid beteken dus om laag te lê, jouself nie bo ander te verhef nie. Die "neder-" van nederigheid dui juis aan dat jy *neer*daal, afsak. Tot op die grond.

Maar mense kan jou ook ver-neder – hulle maak jou dan gelyk met die grond en asof dit nie genoeg is nie, trap hulle dan ook sommer op jou.

In Markus 14 konfronteer Jesus ons met 'n etiek wat werk met die beginsels van hoogmoed en wederkerigheid. Elkeen het 'n bepaalde plek/status in die lewe en ons doen iets vir ander mense as 'n poging om hulle sover te kry om weer iets vir ons te doen.

Sondag 31 Maart

Lukas 14:7-14

08:00 Meditatief	Lizette Louw
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Lizette Louw
09:30 Informeel	Hannes Theron
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
Geen Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Instandhoudingsfonds

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - 6!CPwYxg

Sondag 7 April

Lukas 19:1-10

08:00 Meditatief	Lizette Louw
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Lizette Louw
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 HGG	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Helene Swart - kanker
Fanie Schoeman - kanker
Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Botha Marais - herstel na operasie
Paul en Michelle Swanepoel - ernstige gesondheidsprobleme
Van Zyl Siebert - kanker
Kerneels Erasmus - voetoperasie
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Hennie Albertyn - herstel na beroerte
Lizette van der Walt - beenmurgkanker, besluit oor behanderling
Ilze Havenga - wag op niervervanging
Anne-Marie Visser - herstel by die huis
Nico Koch - herstel na rugoperasie
Siena du Plessis - hospitaal
Emmie van Tonder - chemobehandeling vir kanker
Barbara Pienaar - operasie
Anita Stoeder - herstel na heupbreuk

Rou:
Ons dink aan Wilhelm Smit en sy familie wie se pa oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Dagboek

13 April - Herfsmakietie
Kontak louise@nghelder.co.za vir meer inligting

15 April - Groot lydensweek
Besoek die kruiswegstasies in die Tent

19 April - Tenebrae-ete

30 April - Goeie Vrydag nagmaal
Dienste om 08:00 en 09:30

4 Mei - Huweliksverrykingskursus
Stuur jou kontakbesonderhede vir die kerkkantoor

Uyavula

Dankie, vir die boeke wat reeds geskenk is vir Uyavula se stalletjie by die **Herfs-makietie**. Ons benodig nog meer netjiese gebruikte **kinderboeke**, asseblief. Amanda 072 874 0147

Op Sondag 5 Mei begin ons wintereredienstye.

Helderberg Seniorklub se byeenkoms vind plaas om 8:30 vir 9:30 op Dinsdag 2 April in die Tent.

Dr Francois du Toit gaan ons lekker laat lag met al sy humoristiese staaltjies wat hy en ander predikante tydens sy bediening ervaar het. Hy gaan ook vertel van sy besonderse belewenis as kapelaan in die Burgermag.
Nuwe lede vir 2019 word verwelkom. Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Welkom!

Die week:

Dinsdag 2 April
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen

Woensdag 3 April
Doopregistrasie sluit vir Mei dope

Baie welkom aan die olgende nuwe lidmate:

Gerhard Bester - Swellendam
Liam Kruger - Durbanville-Bergsig
Carien Meintjes - Melville Kruisgemeente
Kobus en Linda Oosthuyzen - Springs-Noord
Abrie en Maureen Spangenberg - Kathu

Herfsmakietie 13 April 9:00 – 15:00

Helderberg Gemeente Firmountweg 82 Somerset-Wes

Herfsmakietie

13 April van 9:00 tot 15:00

Jou witolifante is goud vir ons

Alles in jou huis wat jy nie meer nodig het nie, of in jou pad is, is baie welkom by die witolifanttafel van die **Herfsmakietie**.

Bring asb na die kerkkantoor of kontak vir Maatjie Botha by 021-855 3872 of 082 6199 040. Sy sal ook kom afhaal by jou huis. Dankie dankie dankie….

Wen ‘n kombers

Vir die **Herfsmakietie** het ons ‘n kompetisie om hierdie pragtige gehekelde kombers (regs) te wen, kaartjies kos R30 en is te koop by ontvangs.

Koop sommer nou jou kaartjie.

Wen ‘n Woody Storecart ter waarde van R1 400

Inskrywings @ R50 elk kan by Helderberg Gemeente kerkkantoor verkry word.

Die kompetisie is ten bate van die Sri Lanka-projek van Helderberg Uitreik.

Geborg deur:

www.trolleycompany.co.za

LYDENSTYD REIS

PALM SONDAG
14 April (normale dienste)

GROOT LYDENSWEEK
Ma 15 - Do 18 April - Tent
- Kruisweg stasies deur die dag
- Aanddienste @ 19:00

GOEIE VRYDAG NAGMAAL
19 April (8:00 & 9:30 - Kerk)

OPSTANDING SONDAG
21 April (normale dienste)

Geniet ‘n koffie

Maak jou Sondag koffiedrink kontantloos en maklik. Koop jou ***KlaarKoopKoffieKaart*** @ R200 Sondae by die kombuis. Jy kry boonop ‘n gratis *cappuccino voucher* om dit af te skop. Jy kan natuurlik ook met *Snapscan* betaal, so moenie uit mis op ‘n heerlike cappuccino op ‘n Sondag nie. Onthou ook om ‘n ***Lojaliteits kaart*** te neem wat jy elke keer laat merk sodat jy jou 11’de koffie gratis kry. Koffiedrink was nog nooit so maklik en lekker nie. Navrae – hello-helderberg@gmail.com

HelloHelderberg het die jaar afgeskop met die KUIERGROEPE waar ons lidmate wil help om ander te leer ken met dieselfde belang-stellings as hulle. Indien jy nog nie die vorm ingevul het nie – kry gerus een by Ontvangs waar jy kan aandui waarin jy belangstel bv fotografie, kunsgroep, leesklub, stapgroep en nog meer. Op Vrydagaand 3 Mei om 18:30 het ons ‘n afskopgeleentheid waar almal mekaar kan ontmoet en saamkuier. Laat weet ons gerus as jy belangstel om dit by te woon – hellohelderberg@gmail.com of gee jou naam op by Ontvangs. Kom raak deel hiervan om nuwe verhoudinge in Helderberg gemeente te help skep.

hOllo HELDERBERG

KoffieKuiers benodig barista’s

Koffie en kuier is mos sinoniem en ons wil hê jy moet deel word daarvan. Ons het Sondae ons eie Koffiekroeg wat deur lidmate beman word met geskeduleerde diensbeurte wat hul dagboek pas. Dit is alles baie lekker informeel volgens jou beskikbaarheid. Ons volgende barista opleiding is op Saterdag 30 Maart vanaf 8:30-12:00. Dit is R100pp om die koste van die opleiding te betaal. Daarna kom oefen jy Sondae tot jy reg voel om geskeduleer te word. As jy belangstel – kontak ons by 082 823 0260 of e-pos na hellohelderberg@gmail.com of gee jou naam op by Ontvangs. Indien hierdie datum jou nie pas nie, maar jy stel belang laat weet ons nog steeds.

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*